

**15 April**

**Romeine 4:13-25**

(Teks: 4:25)

***Vrygespreek!***

Skuld? Daar is min dinge in 'n mens se lewe wat jou so moeg kan maak vir die lewe as 'n diep skuldgevoel. Baie mense loop daarmee rond asof daar 'n albatros om hulle nek hang. Of, soos iemand dit uitgedruk het: *Hulle staan krom oor hulleself.*

Daar is ook niemand wat nie skuld dra nie. Die sonde is skuld voor God. Ons is skuldig voor God. Ons is die dood, die ewige dood skuldig.

Jesus het die skuld op Hom geneem. Daarom het Hy Hom laat doop. Die doop van Johannes die Doper was tog 'n doop tot vergifnis van sonde (Lukas 3:3). En Jesus het geen sonde gehad nie! Hy is oorgegee ter wille van sonde.

En as Hy sterf betaal Hy ons skuld voor God. Hy betaal met die ewige dood, die dood van van-God-verlate-te-wees.

Maar dan is sy opstanding die kwitansie, die voldaan dat ons skuld, al ons skuld betaal is, volkome betaal is. Dan bly daar geen krieseltjie skuld meer oor nie.

*Wie kan die uitverkorenes van God aankla! God self spreek*

*hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus het gesterf,*

*maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek.*

*Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.*

Skuld!? Daar is niks in 'n mens se lewe wat soveel ruimte vir die siel bring as die vryspraak nie. Ons Middelaar is immers die Lewende.

Sing Skrifberyming 10

Ds. P.B. de Klerk (Stilfontein)